HL	**2 hour Literature Assignment (35 marks)** **Poetry** *Remember* *Somewhere I have never travelled, gladly beyond* *Garden of Love* *An African Elegy* **Novel** *The Picture of Dorian Gray* Chapters 1-14 Format of the Literature essay

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

FAL	**2 hour Assignment (35 marks)** - Reflective essay format - **The 5 major themes in *My Children! My Africa!*** • Generational conflict • Betrayal • Justice and injustice • What is the best way to achieve change? • Living a meaningful life - FOR EACH THEME, MAKE SURE YOU CAN ANSWER: • What does the theme mean? • How is this theme developed in the play? • Which characters are associated with the theme? • How are they connected to it? (Students are only allowed to have their MCMA themes booklet with them for the duration of the assessment) **Poetry contextual questions** • *Captive by Francis Carey Slate* • *Mid-Term Break by Seamus Heaney* • *Still I Rise by Maya Angelou*

WISKUNDE

('n Formulebladsy word by elke vraestel verskaf)

VRAESTEL 1 **150 punte , 3 uur**

- Eksponente en wortelvorme (gr. 11)
- Vergelykings, ongelykhede en aard van wortels (gr. 11)
- Patrone, rye en reekse (gr. 11 en 12)
- Finansiële wiskunde (gr. 11)
- Funksies en grafieke – ook inverse funksies (gr. 11 en 12)

VRAESTEL 2 **150 punte , 3 uur**

- Statistiek (gr. 11)
- Analitiese Meetkunde (gr. 11 en 12 tot voor raaklyne aan sirkels)
- Trigonometrie (gr. 11 en 12)
- Euklidiese Meetkunde (gr. 11 en 12)

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Vraestel 1 (150 punte , 3 uur)	
Onderwerp	**Afdeling**
Patrone, verwantskappe en voorstellings **(Slegs aflees)**	Voorstellings of verwantskappe in tabelle, grafieke en vergelykings
	Werking met twee of meer verwantskappe
Finansies	Rente Enkelvoudig en Saamgesteld
	Bankwese, huislenings, lenings en beleggings
	Inflasie
	Belasting, WVF, BTW, Inkomste belasting
VRAESTEL 2 (150 punte , 3 ure)	
Datahantering	Alle Afdelings
Meting	Omtrek, oppervlakte en volume
	Tyd
	Herleidings
Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld	Skaal, kaarte en planne
	Reiskostes
	Herleidings
	Buite-oppervlakte, volume, verpaking en finansies/koste

FISIESE WETENSKAP

V1 FISIKA (VRYDAG 10 JUNIE) **150 punte , 3 uur**

Agtergrondkennis: Eksperimentele vaardighede

Gr. 11 Boek: * Opsomming verwys van SCIENCE CLINIC

- Newton se bewegingswette bl 75 - 164 *(Opsomming bl 11 - 17)
- Elektrostatika bl 259 – 310 (Opsomming bl 27 - 28)

Gr. 12 Boek:

- Momentum en Impuls bl 31 – 90 (Opsomming bl 18 - 20)
- Projektielbewegings bl 91 – 148 (Opsomming bl 8 - 10)
- Arbeid, Energie en drywing bl 149 – 214 (Opsomming bl 21 - 24)
- Doppler-effek bl 215 – 250 (Opsomming bl 34)

Gebruik jou eksamenriglyne van bl 7 – 12 bo-aan vir uiteensetting van die werk.

V2 CHEMIE (MAANDAG 13 JUNIE) **150 punte , 3 uur**

Agtergrondkennis: Eksperimentele vaardighede & balansering van vergelykings

Gr. 11 Boek:

- Intermolekulêre kragte bl 59 – 116
- Kwantitatiewe aspekte van Chemiese Verandering bl 217 – 240 (Opsomming bl 53 - 55)
- Energie en chemiese verandering bl 241 – 278 (Opsomming bl 56)

Gr. 12 Boek1:

- Organiese chemie bl 9 – 172 (Opsomming bl 44 - 50)
- Reaksietempo bl 211 – 306 (Opsomming bl 57)

Gr. 12 Boek 2:

- Chemiese Ewewig bl 9 – 124 (Opsomming bl 58 – 60)
- Sure en Basisse bl 125 – 232 (Opsomming bl 61 - 63)

Gebruik jou eksamenriglyne van bl 14 – 18 tot voor plastieke en polimere asook 19 -22 bo-aan vir uiteensetting van die werk.

Jou EKSAMENRIGLYNE is goud werd!! Dit sê presies watter definisies en wette geleer moet word asook 'n uiteensetting van wat in elke afdeling verwag word.

LEWENSWETENSKAP 31 Mei

Eksamen: 150 punte / 150 minute

- Nukleïensure
- Seldeling
- Voortplanting van gewerweldes
- Voortplanting
- Genetika
- Senuwees
- Oog
- Oor
- Eksperimentele ondersoeke
- Vaardighede

Prakties: 30 punte / 30 minute

- Eksperimentele ondersoeke
- Vaardighede
- Refleksaksie
- Refleksboog
- Oogdefekte

GEOGRAFIE 150 punte , 3 uur

KLIMAATKUNDE

Hoofstuk 1: Middelbreedtesikloon

Eenheid 1: Algemene kenmerke van middelbreedtesiklone
Eenheid 2: Gebiede waar middelbreedtesiklone vorm
Eenheid 3: Toestande waaronder middelbreedtesiklone vorm
Eenheid 4: Ontwikkelingstadiums en gepaardgaande weerstoestande
Eenheid 5: Weerpatrone wat gepaardgaan met koue, warm en okklusiefronte
Eenheid 6: Lees en vertolking van satellietbeelde en sinoptiese weerkaarte

Hoofstuk 2: Tropiese siklone

Eenheid 7: Algemene kenmerke van tropiese siklone
Eenheid 8: Gebiede waar tropiese siklone vorm
Eenheid 9: Vereistes vir die vorming van tropiese siklone
Eenheid 10: Ontwikkelingstadiums
Eenheid 11: Verwante weerpatrone
Eenheid 12: Lees en vertolking van satellietbeelde en sinoptiese weerkaarte
Eenheid 14: Impak van tropiese siklone op menslike bedrywighede en die omgewing
Eenheid 15: Strategieë wat help met die voorbereiding vir tropiese siklone en om die gevolge te bestuur

Hoofstuk 3: Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande

Eenheid 16: Ligging en algemene kenmerke van hoogdrukselle wat Suid-Afrika beïnvloed.
Eenheid 17: Antisikloniese lugsirkulasie rondom Suid-Afrika en die invloed daarvan op weer en klimaat
Eenheid 18: Bewegende versteurings wat met antisikloniese sirkulasie gepaardgaan
Eenheid 19: Lees en vertolking van stellietbeelde en sinoptiese weerkaarte

Hoofstuk 4: Valleiklimate

Eenheid 20: Die mikroklimaat van valleie
Eenheid 21: Ontwikkeling van anabatiese en katabatiese winde, inversies, rypholtes en stralingsmis
Eenheid 22: Die invloed van plaaslike klimate op menslike bedrywighede

Hoofstuk 5: Stadsklimate

Eenheid 23: Redes vir verskille tussen landelike en stedelike klimate
Eenheid 24: Stedelike hitte-eilande – oorsake en gevolge
Eenheid 25: Konsep van besoedelingskoepels – oorsake en gevolge

Eenheid 26: Strategieë om die hitte-eiland-effek te verminder

GEOMORFOLOGIE

Hoofstuk 1: Dreineerstelsels in Suid-Afrika

Eenheid 1: Belangrike konsepte
Eenheid 2: Soorte riviere
Eenheid 3: Dreineerepatrone
Eenheid 4: Dreineerdigtheid
Eenheid 5: Die gebruik van topografiese karate om stroomorde en –digtheid te identifiseer.
Eenheid 6: Afloop van 'n rivier – laminêre en turbulente vloei

Hoofstuk 2: Fluviale prosesse

Eenheid 7: Rivierprofiele – dwarsprofiel en lengteprofiel en hul verhouding tot die stadiums van 'n rivier.
Eenheid 8: Identifisering en beskrywing van fluviale landvorms.
Eenheid 9: Riviergradering
Eenheid 10: Rivierverjonging – redes en gevolglike verskynsels
Eenheid 11: Stroomroof – konsepte van abstraksie en stroomroof; en verskynsels wat met stroomroof geassosieer word.
Eenheid 12: Geërfde en antesedente riviere

Hoofstuk 3: Opvanggebied en bestuur van 'n rivier

Eenheid 13: Belangrikheid van die bestuur van dreineerbekkens en opvanggebiede.
Eenheid 14: Invloed van mense op dreineerbekkens en opvanggebiede
Eenheid 15: Gevallestudie van die bestuurstrategie van een opvanggebied in Suid-Afrika.

LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

Hoofstuk 1: Die studie van nedersettings

Eenheid 1: Die konsep van nedersetting, standplaas en ligging
Eenheid 2: Landelike en stedelike nedersettings
Eenheid 3: Klassifikasie van nedersettings – grootte, kompleksiteit, patroon en funksie

Hoofstuk 2: Landelike nedersettings

Eenheid 4: Hoe standplaas en ligging die posisie van landelike nedersettings beïnvloed.
Eenheid 5: Klassifikasie van landelike nedersettings – patroon, funksie en redes vir verskillende vorms.
Eenheid 6: Grondgebruik in landelike nedersettings

Hoofstuk 3: Landelike nedersettings

Eenheid 7: Landelik-stedelike migrasie
Eenheid 8: Ontvolking van landelike nedersettings
Eenheid 9: Gevolge van landelike ontvolking en strategieë wat dit aanspreek
Eenheid 10: Maatskaplike geregtigheidskwessies in landelike gebiede – toegang tot hulpbronne en grondhervorming

Hoofstuk 4: Stedelike nedersettings

Eenheid 11: Die oorsprong en ontwikkeling van stedelike nedersettings – verstedeliking van die wêreld se bevolking
Eenheid 12: Hoe standplaas en ligging die posisie van stedelike nedersettings beïnvloed
Eenheid 13: Klassifikasie van stedelike nedersettings volgens funksie

Hoofstuk 5: Stedelike hiërargieë

Eenheid 14: Stedelike hiërargieë – belangrike konsepte

Hoofstuk 6: Stedelike strukture en patrone

Eenheid 15: Interne strukture en patrone van stedelike nedersettings
Eenheid 16: Modelle van stedelike struktuur
Eenheid 17: Veranderende stedelike patrone en grondgebruik in Suid-Afrikaanse stede

Hoofstuk 7: Kwessies rakende stedelike nedersettings

Eenheid 18: Huidige patrone van verstedeliking en kwessies wat met vinnige verstedeliking in Suid-Afrika verband hou
Eenheid 19: Die groei van informele nedersettings en verwante kwessies
Eenheid 20: Bestuur van stedelike uitdagings: hantering van omgewings-, ekonomiese en maatskaplike geregtigheidskwessies

KAARTWERK

- Alle kaartwerk berekeninge
  - Kaarttitel

    - Koördinate
    - Afstand
    - Ware Peiling
    - Magnetiese Peiling
    - Magnetiese Deklinasie
    - Area
    - Vertikale Vergroting
    - Gradiënt
    - Dwarssnit teken
    - Intersigbaarheid
    - Hoe om tyd te bepaal vanaf 'n kaart
- Kaart interpretasie
    - Toepassing van teorie
    - Lugfoto's
- GIS
    - Afkorting
    - Wat is GIS
    - Komponente van GIS
    - Afstandwaarneming
    - Attribuutdata en Ruimtelike data
    - Vektor data en Raster data
    - Buffersones
    - Die belangrikheid van GIS in vandag se lewe
    - Resolusie (Ruimtelike en Spektrale)
    - Data manipulasie en integrasie
    - Datalae

REKENINGKUNDE

Vraestel 1: 150 punte , 2 uur EN Vraestel 2: 150 punte , 2 uur

Hoofstuk 1 – Maatskappye: Grootboekrekeninge, Teorie
Hoofstuk 2 – Maatskappye: Finale rekeninge
Hoofstuk 3 – Maatskappye: Finansiële state
Hoofstuk 4 – Maatskappye: Ontleding en vertolking van Finansiële state
Hoofstuk 5 – Gepubliseerde state
Hoofstuk 6 – Etiek
Hoofstuk 7 – Vaste Bates
Hoofstuk 9 – Interne kontrole
Hoofstuk 10 – Voorraad
Hoofstuk 11 – Rekonsiliasies
Hoofstuk 13 – Vervaardiging

BESIGHEIDSTUDIES

Vraestel 1 **150 punte , 2 uur**

Invloede van wetgewing op ondernemings
Menslike hulpbronne funksie
Besigheidstratgiee
Sakesektore en omgewings
Gehalte van prestasie

Vraestel 2 **150 punte , 2 uur**

Etiek en professionalisme
Kreatiewe denke
Beleggings: Sekuriteite
Beleggings: Versekering
Spanprestasie, konflikbestuur en probleemoplossing
Bestuur en leierskap

VERBRUIKERSTUDIES **150 punte , 2 uur**
Bl. 10-43
Bl. 48-56
Bl. 83-88, 90-91 (slegs anemie), 103-109 (nie disenterie), 110-115, 117-121, 123-131
Bl. 169-186, 190-205

TOERISME **100 punte , 90 minute**
Tydsones
Vlugvoosheid en vluguitputting
Toeriste-attraksies en ikone
Wêreldikone (al 14)
Faktore wat tot die sukses van 'n toeriste-attraksie bydra
Eienskappe van 'n suksesvolle toeriste-attraksie
Buitelandse valuta

IGO **75 punte , 2 uur**
1. Vaste Liggame
2. Deurdringing en Ontwikkeling

RTT (CAT)

PRAKTIES V1 **150 punte , 3 uur**
Word Processing
Excel
Access
HTML

TEORIE V2 **150 punte , 3 uur**
Module 1.1 tot 1.6
Module 2.1 tot 2.6

IT

GRADE	TIME	MARK	EXAM PAPER	CONTENTS
12 I.T.	3hr	150	I.T. Paper 1 *(Practical)*	CHAP 1 – User-Defined Objects CHAP 4 – Database Processing using SQL CHAP 5 – Database Maintenance using SQL
	3hr	150	I.T. Paper 2 *(Theory)*	MOD 4.3 - Multiple Tables (GR 11 Textbook) MOD 1.1 – Hardware MOD 1.2 - Cloud Computing MOD 1.3 - Computer Management MOD 2.1 - Network Configuration MOD 2.2 - Security Concepts MOD 3.1 - Keeping Up with Technology MOD 3.2 - Computer Crimes and Criminals MOD 3.3 - Critical Computing MOD 4.1 - Database Design and Concepts MOD 4.2 - Database Management

DRAMATIESE KUNSTE **150 punte , 3 uur**
Bewegingsvaardighede (Reis 1)
Stem- en spraakvaardighede (reis 2)
Twintigste-eeuse 'ismes' (reis 6)
Epiese teater (reis 8)
Kanna hy kô hystoe en bykomende notas
Suid-AFrikaanse teater 1960-1994 (reis 10 en 11)
Siener in die Suburbs en bykomende notas

MUSIEK

Vraestel 1: **60 punte , 1h 30 minute**

Vraestel 2: **45 minute**

1. Toonsoorte & toonlere/modusse
2. Intervalle
3. Drieklanke
4. Transponering
5. Tydmaattekens
6. Komposisie-tegnieke en 12 maat melodie-voltooiing
7. Beethoven: Sesde Simfonie
8. Mozart: Die Towerfluit
9. Mendelssohn: Hebrides ouverture

LO **100 punte , 2½ uur**

ALLE KWARTAAL 1 EN 2 WERK, HANDBOEK, NOTAS EN EKSTRA KLASAANTEKENINGE

ONTWIKKELING VAN DIE SELF	
STRES, STRESSORS, KONFLIK	P.3-35
EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE	AANTEKENINGE
STUDIEVAARDIGHEDE	P.263-276
LOOPBANE EN LOOPBAANKEUSES	P.79-88
WERKLOOSHEID EN ENTREPRENEURSKAP	P. 89-100 + NOTAS
DEMOKRASIE EN MENSEREGTE	P.115-120
DIE ROL VAN DIE MEDIA IN DEMOKRASIE	P.121-138
SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID	P.157-163,
FORMULERING VAN PERSOONLIKE MISSIESTELLING	P.164-171

LANDLOOP SPOG MET PUIK PRESTASIES

LANDLOOP: EERSTE SATERDAGLIGA

'n Groep van 20 Framesby-atlete het aan die eerste Saterdagliga by Varsvlei in Bethelsdorp deelgeneem. Die kompetisie was baie sterk, aangesien die hele Oos-Kaap aan die Saterdagligas deelneem. Die atlete het swaar gekry op die bulterige roete en moes 'n stormsterk wind trotseer. Ons behaal drie eerste plekke: Suné du Preez (dogters 0/19), Dallian Oerson (seuns 0/15) en Zadriaan Gouws (seuns 0/17).

Die volgende atlete het ook onder die eerste 6 plekke geëindig:
Tweede: Annabel Jonck (dogters 0/19)
Derde: Zane Jubber (dogters 0/16)
Vierde: Francois Vosloo (seuns 0/17) en Elanca van Jaarsveld (dogters 0/17)
Vyfde: Anel Strauss (dogters 0/17) en Duston Vermaak (seuns 0/17)
Sesde: Esmerie Oberhauser (dogters 0/15) en Marco Sprong (seuns 0/17)

Baie dankie aan die netbaldogters wat een van hul wedstryde prysgegee het om te kan deelneem.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY- VLAM BRAND VOORT

LANDLOOP: TWEEDE WOENSDAGLIGA

Ons tweede landloopliga het by Collegiate plaasgevind. Die langer roete het baie van die atlete laat les opsê.

Ons behaal 2 eerste plekke: Dallian Oerson (seuns 0/15) en Sune du Preez (dogters 0/19).
Die volgende atlete het tweede in hul wedlope geëindig: Zadriaan Gouws (seuns 0/17), Zane Jubber (dogters 0/16) en Zia Ferreira (dogters 0/14).
Vyf atlete het derde geëindig: Alouise Vosloo (dogters 0/15), Jamie-Lee Bester (dogters 0/14), Elanca van Jaarsveld (dogters 0/17), Jeanre Oelofse (seuns 0/17) en Mondrey van Huysteen (seuns 0/16).

Ten opsigte van die spankompetisies behaal ons 3 eerste plekke, naamlik dogters 0/15, dogters 0/17 en seuns 0/17. Framesby eindig ook tweede in die dogters 0/19-afdeling en derde in die seuns 0/15-afdeling.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

SPORT UITSLAE:

Netbal:

Sterkte aan die 9 dogters wat onderskeidelik Vrydag en Saterdag aan die finale rondte van die Oos-Kaap Proewe in Oos-Londen gaan deelneem.

Baie geluk aan al die netbalspanne wat die naweek aan die Park toernooi deelgeneem het. Tussen die 9 spanne was daar 44 wedstryde gespeel. Baie dankie aan alle dogters en onderwysers vir hul uitstaande gedrag, deelname en gees. Geluk aan die 0.19A-span wat 1ste 'n plek behaal het in die A-reserwe Liga, asook die 0.16 A-span wat die B Liga gewen het. Die 0.15 A-span eindig 2de in die C Liga.

Skaak:

Verloor teen Westering 1 – 6

Voortrekkers:

Geluk aan Henry Muller (gr. 11) wat as adjunkgebiedskeier vir die Oos-Kaap Voortrekkers 2022 aangewys is.

Muurbal:

1ste verloor teen Grey	3 – 9
4de wen teen Westering	12 – 5

HOKKIE VS DESPATCH

SATERDAG, 7 MEI 2022 @ FRAMESBY

09:00 - o/16 A- Dogters

10:00 - 1ste Seuns

11:00 - 1ste Dogters

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

SPORT UITSLAE:

Netbal vs Despatch

0/14 A wen 20-10
0/15 A wen 45-4
0/16 A wen 18-14
0/19 A verloor 24-28



Tennis:

Wedstryde 26 April
1ste meisies wen Harvest 3-1
2de meisies wen St Dominics 3-1
3de meisies verloor teen St Dominics 3-1

Wedstryde 28 April
3de seuns wen teen DF

Wedstryde 3 Mei
2de meisies wen DF 3-1
3de meisies verloor teen GLA

Wedstryde 5 Mei
1ste seuns verloor teen Nico Malan
2des wen teen GLA
3des wen teen St Dominics
5des wen teen GLA

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

BUITESPORT - GIMNASTIEK

Leolin Petersen (Gr10) en Simonique Grobler (Gr9) het die naweek deelgeneem aan die 1ste rondte van die Madiba-Beker Reeks vir Tuimel en Trampolien. Gimnaste regoor Suid-Afrika neem aan hierdie reeks deel.

Leolin het 3 x 1ste plekke (Goud) verower in die ouderdomsgroep - Dogters 15 - 16 Jaar en Simonique 3 x 2de plekke (Silwer) in die ouderdomsgroep -Dogters 15 - 16 Jaar.

Hulle is tans hard aan die oefen vir die Suid-Afrikaanse proewe wat op 25 en 26 Junie plaasvind en hoop om die SA span by die Wêreld Junior Kampioenskappe in België later hierdie jaar te kan verteenwoordig.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FIETSRY-VIR-FILANTROPIE NAWEEK

Sewe Framesby-bergfietsryers het die langnaweek uithouvermoë en karakter getoon deur vir 3 dae verskeie bergfietsroetes in die Thornhill omgewing aan te durf. Die doel: om soveel kilometers as moontlik te ry om geld in te samel. Die fietsryers het gemiddeld 90 km vir die naweek gery met mev. Basson wat die agterhoede gedek het. Sodra die borge die fietsryers beloon vir hulle harde werk, sal die fondse aan die ACVV Kayalethu Kinderhuis oorhandig word om dit ook vir hulle seuns moontlik te maak om aan hierdie jaar se bergfietsbyeenkomste deel te neem. Daar is ook heerlik gekuier en gelag en middernagtelike ysbaddens vir die seer spiere geneem. Ons is baie trots op hierdie vyf seuns en twee dogters en dankbaar vir elke ouer, wat saamgegaan (en getrap) of geborg het, se ondersteuning. Volgende jaar maak ons hopelik weer so.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-DOGTERS MAAK ONS TROTS!

6 Framesby-meisies [Metrofibre Try Babies] het die afgelope Paasnaweek weer op Jeffreysbaai deelgeneem aan die jaarlikse Paasnaweek JeVista One Touch rugbytoernooi wat op 16 April plaasgevind het. Die meisies het uitstekend gevaar en het teen seuns- en meisiespanne deelgeneem. Hulle het vir ‘n eerste plek in die junior afdeling meegeding. Die Metrofibre Try Babies het deurgedring na die finale rondte waar hulle teen 'n seunspan moes speel en het 'n waardige 2de plek behaal.

Danika Marais is as haar span se speler van die toernooi aangewys. Die meisies het met pragtige pryse weggestap. Een van die meisies het 'n gratis naweek op 'n gasteplaas vir haar en haar gesin in die Langkloof gewen.

Die spelers was: Chloe Vermaak, Simonique Grobler, Saskia Kleynhans, Kaylee Van Niekerk, Jade De Jager [Kaptein] en Danika Marais.

Christo Botha die eienaar van 1Touch en oudskolier van Framesby is die man wat hierdie raak-rugbytoernooie jaarliks moontlik maak vir enigeen wat wil deelneem.

Baie geluk meisies julle het uitstekend gevaar.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby



Maart/April verslag 2022

Wolkskool maandverslag

die skakels

[Onderwyser hulp video's]

[Wolkskool nuus]

[As gevolg van 'n onderwyser]

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

[Ouer inligting aand]

[Klaskamer vir onderwysers]

[Bemarking en hulp vir onderwysers, ouers en leerders]

[Vrae lyste]

Wolkskool kommunikasie

Die Wolkskool verseker dat elke leerder en onderwyser ingelig is oor die waarde wat hulle verkry met Die Wolkskool en om sodoende optimale gebruik en korrekte aanwending van die platform te bewerkstellig. Daarom is dit vir ons belangrik om op 'n gereelde basis met u te kommunikeer rakende verskeie aspekte en aangeleenthede om ons diens aan die skool te verbeter. Die Wolkskool-span is toegewyd om gehalte diens aan u te lewer en buiten die uitbreiding van die platform word oueropleiding ook beplan. Ons sien uit om 2022 saam met julle te groei.

Die WOLKSKOOL

Hoërskool Framesby

AKTIEWE LEERDER PROFIELE

836

AKTIEWE ONDERWYSER PROFIELE

32

LEERDER INTERAKSIES

5581

VRIEND VAN DIE FRAMESBY MEDIASENTRUM

Enige leerder wat die belange van die Mediasentrum op die hart dra, op ‘n gereelde basis die Mediasentrum besoek én van enige dienste gebruik maak (bv. navorsing, uitleen van enige items, lees van enige bronne, groepwerk, huiswerk, rekenaarwerk, fotokopiëring, drukwerk, bordspele) ook in klasverband, is welkom om by die ondersteunersgroep Vriende van die Hoërskool Framesby-Mediasentrum aan te sluit.

Daar sal ‘n aansluitingsfooi van R30 wees. Lidmaatskap kan daarna jaarliks teen R10 per jaar hernu word. Enige lid wat ‘n detensie kry vir enige oortreding by die Mediasentrum, se lidmaatskap sal onmiddellik beëindig word en die balkie teruggetrek word. Alle reëls van die Mediasentrum sal van toepassing op lede wees.

Voordele vir lede:
1. Elke lid sal ‘n boekmerk en ’n balkie kry.
2. Slegs lede sal invir pryse vir die Flinkste lesers ag geneem word.
3. Lede sal 5 boeke op ‘n slag mag uitneem, plus 3 DVD’s.
4. Almal mag gedurende vakansies ekstra boeke (nie DVD’s nie) uitneem. Die aantal boeke sal bepaal word deur verskillende leeskategorieë wat deur die Mediasentrumbestuurder opgestel sal word. Alle lede met ‘n skoon rekord en wat nie ‘n detensie gekry het of nog nooit op die swartlys was nie, sal toegelaat word om ook boeke gedurende die Desembervakansie uit te neem.
5. Lede sal kennisgewings op Whatsapp oor nuwe boeke en DVD’s, of enige items wat hulle bestel of aanbeveel het ontvang.
*Leerders moet eers 30 items uitneem om te kwalifiseer.

DIE KOSBLIK

MIDDAGETES TEEN R25

Beskikbaar tweede pouse en na skool slegs op bestelling

Week 1

MAANDAG

Oondgeroosterde Hoenderfillet, Aartappelwiggies en Griekse slaai

DINSDAG

Maccaroni en Kaas en slaai

WOENSDAG

Gekrummelde Hoender Salsa Vlerkies

Pastaslaai en Groenslaai

DONDERDAG

Boereworsrol met tamatie en uie smoor en Aartappelskyfies

VRYDAG

Hoender Pregorolletjie met soet patatskyfies

VIR BESTELLINGS:
DUANNE: 071 571 3648
E-POS: WSPE.FRAMESBYHS@EMPACTGROUP.CO.ZA

Die KOSBLIK Hoerskool Framesby

Charnelle

charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

Katrien

072 407 0670

DIE HANGER

MAANDAE TOT DONDERDAG 12:00 - 17:00
VRYDAG 08:00-11:00

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

Ondersteun Hoërskool Framesby deur Samba

Sluit vandag aan by Samba en deel in die voordele.

Sms nou "FRAMESBY" na 30907

Samba sal u kontak vir lidmaatskap.

soweel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

www.sambakoop.com

Samba Koöperatief Beperk is 'n gemagtigde FDV (Nr. 18212) en 'n geregistreerde KDV (NCRCP 1270). Termes en voorwaardes geld

Wat is die VOORDELE om by SAMBA aan te sluit as lid?

- ‘n Kontant-terug-bonus op aankope word jaarliks gedurende November aan lede uit betaal
- Sambalede kry tot 50 dae rentevrye krediet vir aankope
- Geen maandelikse fooie of transaksiekoste nie
- Tot 10% kontant-terug-bonus op aankope (brandstof uitgesluit)
- Samba fasiliteer korttermynversekeringpremies deur Santam, Hollard en Bryte
- Die maandelikse premie kwalifiseer vir 'n maandelikse bonus
- Mediese gapingdekking deur Optivest en Stratum
- Bekostigbare gesins begrafnisbystandfonds
- Na 6 maande lidmaatskap kan lede aansoek doen vir motorfinansiering en ander batefinansiering teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 12%* per jaar
- Persoonlike lenings teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 9.5%* per jaar kan voor aansoek gedoen word na een jaar van lidmaatskap
- 'n Bedrag van Samba se diverse wins in vergelyking met hul jaarlikse aankope word ook aan lede toegeken
- Dit alles en nog meer is beskikbaar teen 'n minimale kaartfooi van R294* per kaart per jaar

Hoe werk die rentevrye krediet vir aankope?

Die Sambarekening sluit alle aankope in vanaf die 16de van 'n maand tot en met die 15de van die volgende maand. Lede sal hul Sambarekening ontvang voor die laaste week van elke maand.

Die uitstaande bedrag moet betaal word voor of op die 5de van die daaropvolgende maand om te kwalifiseer vir u bonus. Bv. Die Samba aankope maand loop vanaf 16 Januarie – 15 Februarie met die volle bedrag betaalbaar teen 5 Maart.

Hoe doen ek aansoek vir lidmaatskap?

Voltooi ‘n aansoekvorm en stuur die voltooide aansoekvorm terug na Samba tesame met u nuutste maand se bankstaat en salarisstrokie OF slegs u nuutste maand se salarisstrokie, afskrif van u ID en ‘n bewys van adres na aansoek@sambakoop.com.

Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.sambakoop.com of stuur vir ons 'n e-pos na aansoek@sambakoop.com. of skakel u naaste Samba-kantoor by Bloemfontein: 051 448 0111, Kimberley: 053 831 1976/7 en Port Elizabeth: 041 363 2727.

**Koste en rente kan van tyd tot tyd verander soos deur die kredietgewer bepaal. Aansoeke is onderhewig aan goedkeuring. Persoonlike lenings is beperk tot 'n maksimum toegelate bedrag. Samba (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde Finansiële diensteverskaffer (lisensienr. 18212) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP1270). Terme en voorwaardes geld.*

ONS EERSTE SKOOLHOOF - DR. DIRK VISSER

Dr. Visser het in 1946 gematrikuleer aan die Hoërskool Aurora in die Piketberg-distrik, waarna hy aan die Universiteit van Stellenbosch ‘n B.Sc.-graad en Onderwysdiploma behaal het. Hy begin sy onderwysloopbaan by Hoërskool Griekwastad, waarna hy poste beklee in Kimberley, die Hoërskool Cillié in Port Elizabeth en Hoërskool Otto du Plessis, waar hy bevorder word tot Adjunkhoof. In 1964 word hy skoolhoof van Hoërskool Barrydale en in 1966 word hy aangestel as skoolhoof van die nuwe skool in Port Elizabeth, die Hoërskool Framesby.

Dr. Visser het hom in hierdie tyd onderskei as ‘n besondere leier met ‘n duidelike visie. Saam met die personeel het hy in die eerste 10 jaar gebou aan die Framesby-waardes en tradisies wat vandag steeds gehandhaaf en op gebou word. Wat Framesby vandag is, is grootliks te danke aan dr. Visser en sy span baanbrekers.

Dr. Visser het Framesby aan die einde van 1976 verlaat nadat hy aangestel is as Inspekteur van Onderwys. Die skoolkoerant van daardietyd, “Kinkels”, het in dielaaste uitgawe van 1976 ‘n huldeblyk geplaas ter ere van dr. Visser en in dieselfde uitgawe is sy afskeidsboodskap ook geplaas.

Ons plaas hierdie berigte spesiaal vir ons oud-leerders wat tot 1976 aan Framesby verbonde was. Dis duidelik dat dr. Visser groot respek afgedwing het en beslis baie geliefd was. Sy afskeidsboodskap getuig van ‘n ware onderwysman met groot insig. Lekker lees!

Huldeblyk aan mnr. Dirk Visser soos dit in Oktober 1976 in die skoolkoerantjie, “KINKELS”, verskyn het.

Hierdie is ons laaste koerantjie vir 1976, en ons dra dit spesiaal op aan mnr. Visser, ons geliefde skoolhoof wat ons gaan verlaat om inspekteur te word.

Dis veral ons wat die grootste deel van ons hoërskoolloopbaan saam met hom gekom het, wat swaar afskeid neem. Hy was vir ons ‘n gerespekteerde vaderfiguur. Hy was inderdaad die pa van Framesby, wat ons skool grootgemaak het tot wat dit vandag is.

Ons onthou hom nog uit ons laerskooldae toe ons hom nog "Oom” genoem het - die oom wat ‘n mens so lekker kon terg en dan kon lag dat net skrefies van sy oë oorbly. Ons het gretig uitgesien om Framesby toe te kom, want Magrieta het ons al tyd van "my pa se skool" vertel.

Toe word hy ewe skielik "Meneer”. Ons standerd sessies het maar lig geloop vir die groot bruingebrande man met die breë Sandveldse uitspraak. Net die “groot kinders” kon dit waag om effens geamuseerd te lyk by die aanhoor van mnr. Visser se Engels in die saal.

Wie sal mnr. Visser se glimlag vergeet toe ons vir die eerste keer P.E.-Walmer gewen het?

Dit laat ‘n mens dink aan die kere toe Kraggakamma nog kerkdienste in Framesby se skoolsaal gehou het. Mnr. Visser was altyd die heel eerste ouderling wat trots met die blou tapyt binnegestap het. Sodra die ouderlinge in gelid gaan sit het, kyk mnr. Visser skuinsweg na agtertoe met sy hele gesig wat spreek van: “kyk mense, ons hou nou kerk in mý saal!”

Ons sal hom mis - op die verhoog agter die kateder en voor die bord in die wiskundeklas. (Eintlik viskundeklas - want hier het ons dikwels "drukfoute” ontdek, of anders was ons net “gepik in ons bol”.) Die man met die hoed by elke atletiekbyeenkoms en rugbywedstryd. Op die paradegrond met sy wye bruin broek wat wapper in die wind. By die braaivleisvuur op die kerkbasaar. Bebrild agter sy lessenaar aan't vraestelle merk. Sy handtekening met twee strepies vir s’e…

Ja ons sal hom baie mis. Sonder mnr. Visser sal Framesby nie heeltemal meer Framesby wees nie.

AFSKEIDSBOODSKAP VAN MNR. DIRK VISSER MET SY VERTREK AAN DIE EINDE VAN 1976

Toe die Hoërskool Framesby tien jaar gelede sy eerste skrede as nuwe hoërskool geneem het, het daar verskillende gewaarwordinge by my ontstaan. Die belangrikste en die mees aktuele was die wyse waarop die skool ‘n bydrae kan lewer tot die vorming van die leerlinge wat aan ons sorg toevertrou was. Van meet af aan was ons strewe dan ook om nie slegs ‘n instituut vir kennis te skep nie, maar om dit inderdaad ‘n vormingsentrum vir menswees te maak. Benewens die verstandelike vorming is eweneens klem gelê op die religieuse, kulturele, en fisiese vorming van die leerlinge. Hierdie verhewe doelstelling het weliswaar hoë eise gestel aan nie slegs die personeel se akademiese bekwaamheid nie, maar ook aan hulle fisiese en geestelike kragte.

In die opvoedingsgebeure is die vorming steeds gedoen aan die hand van behoorlike waardes en norme. Die norme van gesag, moraliteit, en die Christelike lewensopvatting is by die leerlinge ingeskerp. Algaande het hierdie taak ook al meer en meer veeleisend geword. In sy werk: “The lonely Crowd”, praat David Riesman van “the other-directed man” en impliseer daarmee dat die mens al meer en meer deur die waarde-opvattinge en menings van die maatskappy georiënteer word. Met die verdwyning van die vaderfigguur uit die gesinsopvoeding en die toenemende eise van die jeug oor inspraak en medeseggenskap in die opvoedingsgebeure – ‘n medeseggenskap wat geaktiveer word deur ‘n maatskappy waar feitlik alles toelaatbaar is, is die taak van die onderwyser nie

vergemaklik nie. Daarbenewens glo die jeug van vandag dat hulle in ‘n welvaartstaat lewe, en dit, tesame met die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie, maak alles maar ‘n kwessie van goedertrou – “all you need is love” – en dan staan Utopia in bloei!

Tog sal die tien jaar wat ek as skoolhoof verbonde was aan Hoërskool Framesby vir my een van die hoogtepunte in my lewe bly. Die vrugte van ons arbeid het nie uitgebly nie en pragtige prestasies is gelewer deur onderwysers en leerlinge wat die hoë ideale van die skool hulle eie gemaak het. Die gawes van die hart en verstand is gevorm sodat dit inderdaad tot selfopvoeding kon lei, en kan ons saam met Martin J. Langeveld sê:

“The gifts of God are gifts to man
and only are they gifts
when man assures unknowingly
the master’s role and:
adds the mouthpiece to the flute
the fingerholes that mould the melody”

Ons groet u in die woorde van Jan F.E. Cilliers: “Daar’s ‘n nasie om te lei, daar’s ‘n stryd om te stry – daar’s werk!”

FRAMESBY OUDSKOLIERE

ONS GESELS MET: HEIN VAN NIEKERK

Hein van Niekerk

Jaar gematrikuleer 2006.

Dinge wat ek altyd sal onthou van die skool sluit die volgende in: Die groot passie en liefde wat die onderwysers vir die kinders en hul vakke het, Biologie-klasse by mnr. Chris van Niekerk was 'n hoogtepunt. Die lekker gees by sportdae, sporttoere, vriendskappe wat gevorm is. Wat tot vandag toe baie vir my beteken, en natuurlik die snoepie se "slap chips"!

Gedurende my tyd by Framesby was ek bevoorreg genoeg om akademiese klere te verwerf, tweedespan krieket en eerstespan rugby te speel. Ek is tot lid van die Monitorbestuur verkies. Na skool het ek B.Ed FET (Wiskunde en Lewenswetenskappe) by Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit gaan studeer. Ek doen toe my praktiese jaar by Framesby waarna ek weer deel word van die Framesby-familie as Biologie- en Wiskunde-onderwyser.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

In Augustus 2014 verlaat ek die onderwys en sluit aan by die Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde onderwysers (VAW) in Pretoria. Tydens my tyd by die VAW, woon ek verskeie wiskunde en tegnologie kongresse in die VSA en Oostenryk by. Die kennis wat ek daar opgedoen het, was baie insiggewend en ek kon dit in my opleidingsessies met ons land se wiskunde-onderwysers deel.

In Augustus 2016 betree ek weer die onderwys in Abu Dhabi, Verenigde Arabiese Emirate, waar ek vir byna 6 jaar al Wiskunde en Wetenskap onderrig en ook al vir 4 jaar lank as Departementshoof dien.

Ek is baie gelukkig getroud met Monique, wat tans haar klerkskap voltooi om 'n Geoktrooieerde Rekenmeester te word, waarna sy by my in die buiteland sal aansluit.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

OUDSKOLIERE SAMEKOMS:

Oudskoliere samekoms in Pretoria, 10 September 2022.
Verdere inligting volg binnekort!

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

FRAMESBY
OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier

Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

U inligting bly hoogs vertroulik.
Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.

Lady J's

BRIDAL & GIFTING STUDIO

Lady J's Bridal Studio, Shop 23 Sunridge Village Shopping Centre,
48 Kragga Kamma Road, Sunridge, PE
083 258 7914 or 041 360 3255